# HOOFSTUK 3

# ENGELSE REG

## 3.1 INLEIDING

In die Engelse reg is die gemeenregtelike misdaad van diefstal gekodifiseer in die *Theft Act* van 1968. Diefstal word wel wyd omskryf, maar 'n persoon kan nie suksesvol ingevolge hierdie definisie vir die diefstal van inligting vervolg word nie. Die Regskommissie vir Engeland en Wallis[1] het 'n breedvoerige studie[2] gedoen oor die strafregtelike beskerming van handelsgeheime, maar tot op hede is geen sodanige strafregtelike beskerming in wetgewing uiteengesit nie. Tans is daar geen strafregtelike beskerming vir inligting *per se* in die Engelse reg nie.

Daar word wel in bepaalde omstandighede aan vertroulike inligting nie-strafregtelike beskerming gebied. Beskerming word nie beperk tot gevalle waar daar 'n kontraktuele verhouding tussen partye bestaan het nie, maar ook waar daar 'n vooraf verhouding van vertroulikheid tussen die partye bestaan het. Die aksie word gebaseer op 'n verbreking/skending van vertroulikheid en billikheid is die oorwegende faktor waarop verligting verleen word.

Indien 'n ekonomiese of industriële spioen inligting vanaf 'n besigheid *neem*[3] sonder dat sodanige spioen natuurlik enige toestemming het om dit te *neem* en ook nie in 'n vooraf bestaande vertrouensverhouding met die besigheid staan

---

[1] *Law Commission of England and Wales*.

[2] Die bevindinge van die Regskommissie dra nie wesenlik tot die probleemstellings in hierdie studie by nie en sal derhalwe nie breedvoerig bespreek word nie.

[3] Hier word na die handeling van *wederregtelike verkryging* soos beter omskryf is in Hoofstuk 12 verwys en nie na die handeling van *ontneming* nie.

nie, het die besigheid tans in die Engelse reg geen strafregtelike of selfs nie-strafregtelike remedie teen so ‘n spioen nie.

## 3.2 DIE STRAFREGTELIKE BESKERMING VAN INLIGTING

Indien inligting op een of ander tasbare storingstoestel, byvoorbeeld op ‘n vel papier of op ‘n rekenaardisket gestoor word, sal die diefstal van hierdie storingstoestel die misdryf van diefstal daarstel. Ten einde die erns van die dader se optrede te bepaal sal die waarde van die inligting wat op die toestel gehou word, volgens Lloyd, in ag geneem word[4].

Die vraag wat oorweeg sal moet word, is of hierdie inligting onafhanklik en apart van die liggaamlike objek die onderwerp van ‘n aanklag van diefstal kan vorm[5]. Volgens Lloyd[6] kom daar twee haakplekke voor indien ‘n persoon ingevolge die reg aangaande diefstal vir die diefstal van inligting vervolg wil word.

Eerstens indien die inligting nie saam met die toestel waarop die inligting gestoor word geneem word nie, sal dit moeilik wees om te verstaan hoe aan die Engelsregtelike vereiste van ‘appropriation’ voldoen kan word, aangesien die houer van die inligting steeds die inligting sal besit. Die argument wat gewoonlik gebruik word om die argument te weerlê, is dat hoewel die houer steeds die inligting in sy besit het, is die uitsluitlike besit van die kennis waaruit die inligting bestaan hom ontneem. Maar selfs indien die argument meriete het geld dit slegs ten opsigte van inligting wat op een of ander wyse vertroulik is.

Die tweede haakplek waarna Lloyd verwys hou verband met die vraag of inligting as eiendom vir doeleindes van die reg aangaande diefstal geag kan word[7].

---

[4] Lloyd, 214.

[5] Lloyd, 215.

[6] Lloyd, 215.

[7] Lloyd, 215.

### 3.2.1 OMSKRYWING VAN DIE MISDRYF DIEFSTAL

Diefstal word in artikel 1(1) van die *Theft Act* van 1968 omskryf as synde:

> 'the dishonest appropriation of property belonging to another with the intention of permanently depriving the other of it'[8].

#### 3.2.1.1 DIE ELEMENT DAT DIE OBJEK VAN DIE DIEFSTALHANDELING EIENDOM MOET WEES

Die struikelblok wat die vervolgingsgesag sal ondervind by die vervolging van 'n persoon op 'n aanklag van diefstal van inligting ingevolge die *Theft Act*, synde of inligting as eiendom geklassifiseer kan word, word eerste ondersoek. Hoewel daar losweg in verskeie Engelse gewysdes na inligting verwys word as eiendom, is hierdie verwysing eintlik 'n beskrywing van die vermoë om beheer oor 'n ontasbare ekonomiese bate uit te oefen[9], wat nie noodwendig dieselfde is as die regsbetekenis van eiendom nie.

Om te bepaal of inligting as synde eiendom geag kan word moet na die omskrywing van eiendom in artikel 4(1) van vermelde wet gekyk word. Eiendom word aldaar omskryf as:

> 'including money and all other property, real or personal, including things in action and other intangible property'[10].

Daar kan geargumenteer word dat die omskrywing van eiendom soos vervat in artikel 4(1) van die *Theft Act* nie uitgeput is nie en dat die sinsnedes 'money and all other property' en 'other intangible property' in artikel 4(1) van die *Theft Act* wyd uitgelê kan word om ook inligting in te sluit, aangesien inligting of ander intellektuele goedere (behalwe patente)

---

[8] Griew, 11.

[9] Coleman, 98.

[10] Sien ook Lloyd, 215.

nie spesifiek uitgesluit word nie. Ondersteuning vir hierdie argument is te vinde in die debattering van die konsep-wetgewing oor diefstal in die *House of Lords,* waartydens Lord Wilberforce duidelik 'n wye indruk van eiendom gehad het en van oordeel was dat dit 'things like business secrets'[11] ingesluit het[12]. Hy het die argument voorgehou dat diefstal uitgebrei moet word om alle vorme van ekonomiese toe-eiening, asook toe-eienings van onliggaamlike belange te omvat 'where deprivation, and not necessarily permanent deprivation, was the essential wrong'[13].

Hierdie aspek, naamlik of inligting op eiendom ingevolge die *Theft Act* neerkom, is in *Oxford v Moss*[14] beslis. 'n Voorgraadse student het die drukproef van 'n siviele ingeneurswese-eksamenvraestel van die Liverpool Universiteit verwyder. Nadat hy die inligting in die vraestel onttrek het, het hy die vraestel weer teruggeplaas vanwaar hy dit geneem het. Hy het nooit die opset gehad om enige tasbare deel van die eksamenvraestel te steel nie. Die bewering teen die student was dat hy die ontasbare eiendom (synde die vertroulike inligting vervat in die vrae), wat die eiendom van die Senaat van die Universiteit is, gesteel het met die opset om die Senaat permanent van die vermelde eiendom te ontneem.

Moss was deur die Liverpool landdroste vrygespreek op grond daarvan dat vertroulike inligting nie as eiendom geag kan word nie[15].

---

[11] *House of Lords Debate*, Volume 259, Column 1309.

[12] Volgens Lloyd, 215 was dit in die Parlement tydens die aanvaarding van die *Theft Act*, 1968 geargumenteer dat die definisie van diefstal wel die diefstal van handelsgeheime kan insluit, is hy van mening dat so 'n uitleg nie versoenbaar is met die beslissing van die *Divisional Court* in *Oxford v Moss* (1978) 68 Cr App R 183 nie.

[13] *House of Lords Debate,* Volume 259, Column 1309 en Coleman, 99.

[14] (1979) *Criminal Law Reports* 119.

[15] Lloyd, 215.

Die hof van appèl, by monde van hoofregter Smith, het die verhoorhof se bevindinge soos volg saamgevat, bekragtig en beslis dat inligting nie eiendom ingevolge die *Theft Act*, 1968 is nie[16]:

> 'The ..... magistrate ..... was of the opinion that, ....., confidential information is not a form of intangible *property*[17] as opposed to the property in the proof examination paper itself, that is the paper and the words printed thereon. He was of the opinion, further, that confidence consisted in the right to control the publication of the proof paper and was a right over property other than a form of intangible property[18].

Die hof bevind dus dat hoewel die houer van die inligting wel beperkte regte met betrekking tot die inligting wat in die siviele reg afgedwing kan word verkry het, is inligting self nie eiendom nie en dus nie vatbaar vir diefstal nie[19].

Hierdie beslissing in *Oxford v Moss* is in *R v Absolom*[20] nagevolg. Absolom, 'n geoloog, wat vir Esso op 'n olieboorskip gewerk het, het in besit gekom van 'n 'graphalog'[21]. Die 'graphalog' het kommersiële inligting[22] bevat wat nie aan ander oliemaatskappye beskikbaar was nie. Absolom het aan *Phillips Petroleum* en aan *British Petroleum* geskryf ten einde hierdie inligting te verkoop. Esso het op daardie stadium reeds nagenoeg £13 miljoen in die booraktiwiteite belê en die inligting was ongeveer £50 000 tot £100 000 werd. Hoewel regter Macdonald, Absolom

---

[16] *The Criminal Appeal Reports,* Volume 68 (1979) 185.

[17] My kursivering.

[18] *The Criminal Appeal Reports,* Volume 68 (1979) 185, 185.

[19] Lloyd, 215.

[20] *The Times* 14 September 1983, 2; sien ook Coleman, 96 en Eisenschitz, 91.

[21] 'n Rekord van geologiese data en 'n aanduiding van die vooruitsig om olie te vind.

[22] Dit sal kommersiële inligting wees wat 'n persoon vanaf die geologiese data verkry het.

se optrede beskryf het as synde dat hy die inligting ‘in utmost bad faith’ verkry het, het regter Macdonald die jurie opdrag gegee om Absolom vry te spreek. Die regter se motivering vir hierdie opdrag was dat inligting nie eiendom ingevolge die *Theft Act* is nie en derhalwe nie gesteel kan word nie[23].

Eisenschitz[24] kritiseer die beslissing wat in *Oxford v Moss* uitgebring is. Sy ondersteun die gedagtegang dat vertroulike inligting wel as eiendom kan kwalifiseer. Volgens haar is daar op die feite in *Oxford v Moss* wel ‘n substansiële misdaad gepleeg, want die werklike skade lê nie in die verwydering van die eksamenvraestel nie, maar in die openbaring van die inhoud daarvan. Dit sal, volgens haar, meer realisties wees om die strafreg op die ‘substance of the wrong-doing than to its incidental effects’ te fokus. Haar oplossing aangaande die ‘criminality of commercial and deliberate breaches of confidence’ is om *Oxford v Moss* omver te werp en om die ‘characteristic of confidence’ as ‘n ‘property right’ te ag[25]. Eisenschitz propageer dus ‘n eiendomsreg in vertroulikheid as sulks, aangesien dit die vertroulikheid in die eksamenvraestel is, wat volgens haar *gesteel* is.

Vertroulikheid kan, myns insiens, nooit ‘n substansie van sy eie hê nie, daar sal altyd terugverwys moet word na daardie iets waarin die vertroulikheid geleë is. Die vertroulikheid moet dus in iets, liggaamlik of onliggaamlik, bestaan en dit is hierdie iets wat eintlik beskerm moet word. Die handeling wat gepleeg word bestaan uit die verkryging of openbaring of toe-eiening van iets, in hierdie geval die inligting in die

---

[23] Coleman, 96 en Eisenschitz, 91.

[24] Eisenschitz, 91.

[25] Eisenschitz, 91.

eksamenvraestel, en nie in die skending van die vertroulikheid geleë in die eksamenvraestel nie[26].

Coleman[27] ondersteun die beslissings in *Oxford v Moss* en *R v Absolom* dat vertroulike inligting nie op eiendom vir doeleindes van die *Theft Act* neerkom nie.

Die beslissing deur die *House of Lords* in *Rank Film Distributors Ltd v Video Information Centre*[28] is verdere ondersteuning vir die mening dat inligting nie as eiendom vir doeleindes van diefstal geag kan word nie. Tydens sivielregtelike prosedure, wat 'n bewering van inbreukmaking op 'n outeursreg bevat het, het die appellant blootlegging van verskeie dokumente wat in besit van die respondente is, vereis. In opponering van die aansoek het die respondente aangevoer dat die openbaring van die dokumente hulle sal blootstel aan die risiko van strafregtelike prosedure vir onder andere diefstal van die appellante se outeursregbelange en dit sal hulle regte teen selfinkriminering skend. Hoewel die Wet op Outeursreg, 1956 wel verskeie verwysings na die 'ownership' van outeursreg vervat, was die respondente se standpunt deur Lord Fraser verwerp[29]. Lord Fraser merk op:

> 'The risk of prosecution under the Theft Act 1968 may, I think, be disregarded as remote, because that Act applies to theft of "property" which is defined in a way which does not appear to include copyright but only, so far as this appeal is

---

[26] Sien die bespreking van die beslissing in *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (C) in Hoofstuk 7 waarin die hof die saak op ander gronde beslis en die bespreking van *Carpenter v United States* 108 S. Ct. 316 (1987) in Hoofstuk 4 waarin haar seining ondersteuning ontvang.

[27] Coleman, 99.

[28] (1982) AC 380.

[29] Lloyd, 216.

> concerned, to the physical objects such as tapes and cassettes which are of small value by themselves'[30].

Volgens Groves[31] is die regte wat deur die onderskeie intellektuele goedere-wetgewing verleen word, wel 'n tipe eiendom. Hierdie regte sluit in 'personal property' en 'things in action (with the exception of patents)' en is gevolglik ontasbaar van aard. Onderliggend aan elke tipe intellektuele eiendom is die ooreenkoms wat tussen die samelewing (verteenwoordig deur die Staat) en die eienaar van die regte bestaan. Volgens hierdie ooreenkoms verkry die eienaar van die regte 'n monopolie (net soos wat die eienaar van grond of 'n voertuig 'n monopolie verkry). Hierdie kan 'n absolute monopolie wees; waarvolgens die eienaar in staat gestel word om enigiemand anders daarvan te weerhou om iets teenoor die eiendom te doen (so byvoorbeeld verleen 'n patent aan die eienaar van die patent 'n volkome monopolie oor die skepping wat hy/sy gemaak het). Aan die ander kant kan dit 'n monopolie wees wat net oor daardie bepaalde uitdrukking van iets wat die eienaar sy eie kan noem bestaan (onafhanklike skepping is sodoende 'n verweer by 'n aksie vir die skepping van outeursreg of 'n ongeregistreerde ontwerp). Buite die beleidsraamwerk van die bepaalde wetgewing sal daar geen beskerming bestaan nie.

Inligting wat ooreenkomstig hierdie ooreenkoms tussen die eienaar en die samelewing openbaar gemaak word, ten einde 'n monopolie te verkry, verloor onmiddellik die waarde en rede vir die beskerming daarvan. Die houer van inligting word nie tans ingevolge enige wetgewing so 'n monopolie verleen nie en inligting sal dus nie binne die omskrywing van wat onder intellektuele eiendom verstaan word val nie. Soortgelyke *eiendomsregte* wat aan ander intellektuele goedere verleen word kan dus

---

[30] (1982) AC 380, 445.

[31] Groves, 6.

nie op inligting as sodanig betrekking hê nie. ‘n Houer van vertroulike inligting kan seker wel geag word ‘n monopolie daarop te hê vir solank hy/sy in staat is om sodanige inligting geheim te hou. Die vyf basiese elemente van intellektuele goedereregte is egter ‘(i) the subject matter it covers; (ii) the substantive requirements for obtaining it; (iii) the method of obtaining it; (iv) its content; (v) its duration’[32]. Geen wetgewende bepaling reël tans vertroulike inligting sodanig dat dit binne enige van hierdie elemente val nie.

In *Torkington v Magee*[33] beskryf regter Channell ‘things in action’ as ‘all personal rights of property which can only be claimed or enforced by action and not by taking physical possession’[34]. Hierby word ingesluit ontasbare sake soos skuld, ‘n reg onder ‘n trust en blykbaar ook enige verpligting wat regtens deur een persoon aan ‘n ander verskuldig is en deur die ander afgedwing kan word[35]. ‘Things in action’ sluit ook bankskulde, oortrokke fasiliteite, maatskappy aandele, handelsmerke en outeursregte in. Patente word uitgesluit.

Patente is streng gesproke nie ‘things in action’ nie, maar artikel 30(1) en Skedule 2 van die *Patents Act,* 1977 het die gemeenregtelike posisie verander dat patente nou wel ‘things in action’ is[36]. Artikel 30(1) van die Engelse *Patent Act* bepaal dat ‘n patent of ‘n aansoek om ‘n patent ‘n persoonlike reg is en as sodanige wel ingevolge vermelde artikel 30(1) gesteel kan word. Aan die ander kant word outeursregte spesifiek deur die

---

[32] Chisum en Jacobs, 1-3 par 1B.

[33] (1902) 2 K.B. 427, 430.

[34] Ibid.

[35] Griew, 19.

[36] Sien ook *Re Heath’s Patent* (1912) 56 Sol Jo 538 en *Edwards and Co v Picard* [1909] 2 KB 903, 905 (CA).

howe as ‘n ‘things in action’ beskryf[37]. Groves[38] haal ‘n leidende skrywer van daardie tyd[39] aan, wat aangaande persoonlike eiendom soos volg opmerk:

> ‘For want of a better classification, these subjects of personal property are now usually spoken of as choses in action. They are, in fact, personal property of an incorporeal nature, and a reference to the history of their classification amongst choses in action may help to explain some of their peculiarities’[40].

Vertroulike inligting kan streng gesproke, volgens Groves[41], nie ‘n tipe intellektuele eiendom wees nie, want dit word op grond van kontrak, *tort* en billikheid beskerm. Volgens hom kan vertroulikheid wel die basis van beskerming wees waar intellektuele goedereregte nie beskikbaar is nie, soos waar die materiaal nie in ‘n vorm is wat onder die outeursregte beskerm word nie of waar dit nie aan die streng vereistes wat vir registrasie van patente vereis word voldoen nie. Myns insiens kan daar dalk wel ‘n argument uitgemaak word dat vertroulike inligting ingevolge Engelsregtelike intellektuele goedere-wetgewing beskerm behoort te word[42], maar wetgewing sal hiervoor voorberei moet word. Die beskerming van vertroulike inligting aan die een kant en die beskerming van outeursregte en patente aan die ander kant is egter tans wedersyds

---

[37] Sien *Chaplin v Leslie Frewin (Publishers) Ltd* [1966] Ch 71, [1965] 3 All ER 764 (CA); *Patterson Zochonis and Co Ltd v Mefarkin Packaging Ltd* [1986] 3 All ER 522 (CA); *Cambell Connolly & Co Ltd v Noble* [1963] 1 All ER 237, [1963] 1 WLR 252.

[38] Groves, 17.

[39] Williams, *Personal Property*, 1ste uitgawe (1848).

[40] Ibid.

[41] Groves, 643.

[42] Sodanige beskerming kan dalk wel in ander regstelsel verleen word. Die Suid-Afrikaanse reg verleen egter voldoende nie-strafregtelike beskerming aan vertroulike inligting, soos meer breedvoerig in Hoofstuk 7 bespreek word. ‘n Oorweging van sodanige beskerming sal ‘n onafhanklike studie vereis en is nie die fokuspunt van hierdie studie nie.

uitsluitend[43]. Inligting word gevolglik geensins in enige definisie wat in die *Theft Act* voorkom as synde 'n vorm van eiendom beskryf nie.

Griew[44] ondersteun die gedagtegang dat die omskrywing van diefstal nie 'n effektiewe wapen teen die moderne vorme van industriële spioenasie is nie. Hoewel daar in die algemene spreektaal gesê kan word dat 'n persoon wat deur middel van 'n afluisterapparaat 'n private gesprek afluister of wat 'n vertroulike dokument kopieer, 'n geheim *steel*, moet die *Theft Act,* volgens Griew, baie robuust gelees word 'for the purpose of producing a dramatic new offence not hinted at...'[45].

Wasik[46] is van oordeel dat dit 'n fout sal wees om inligting as net nog 'n spesie van eiendom, wat *gesteel* kan word, te ag en dan bloot die diefstalwetgewing ooreenkomstig te wysig. Eiendom impliseer normaalweg 'an exclusivity of possession and ownership', terwyl inligting normaalweg 'a generality of access' impliseer. Terwyl die definisie van diefstal in die Engelse reg tog 'n aantal items van onliggaamlike eiendom insluit (soos bankbalanse) en die kategorie van onliggaamlike objekte in die *Theft Act* nie uitgeput is nie, kan inligting as sulks, of dit nou vertroulik, waardevol of andersins is, nie gesteel word nie. Wasik bespreek inligting verder:

> 'Information is, .... , a quite different kind of commodity from the forms of intangible property which are capable of being stolen, such as a bank credit. Information is not a legal right or a claim. It does not exist by virtue of a relationship

---

[43] Sien Hoofstuk 8 vir 'n meer volledige bespreking hieroor.

[44] Griew, 22-23.

[45] Ibid.

[46] Wasik (2), 629.

between the owner of the commodity and the person against whom it can be enforced'[47].

### 3.2.1.2 DIE ELEMENTE VAN TOE-EIENING EN DIE OPSET OM DIE EIENAAR PERMANENT TE ONTNEEM

Die tweede struikelblok in die vervolging van 'n persoon wat vertroulike inligting gesteel het, lê daarin dat hoewel die inligting onttrek word deur dit te lees of afskrifte ensovoorts daarvan te maak, die inligting nie permanent van die regshebbende ontneem word nie[48].

Volgens die feite in *Oxford v Moss* het die student die eksamenvraestel ongeskonde terugbesorg van waar hy dit geneem het. Regter Wien het in hierdie verband bevind dat die student nie die opset gehad het om die ontasbare eiendom, dit wil sê die vertroulike inligting vervat in die vrae, permanent van die Universiteit te ontneem nie[49].

Hoofregter Smith het die verhoorhof se bevindinge ten opsigte van hierdie aspek soos volg saamgevat en bekragtig:

> 'Finally, he was of the opinion that by his conduct the respondent had gravely interfered with the owner's right over the paper. He had not permanently deprived the owner of any intangible property'[50].

In *R v Lloyd*[51] is die verweerder ingevolge artikel 1(1) van die *Criminal Law Act*, 1977 van sameswering om films te steel, aangekla. Die verweerder

---

47 Ibid.

48 Oftewel dat die onttrekking nie met die opset om die regshebbende permanent van die inligting te ontneem gepleeg word nie.

49 *The Criminal Appeal Reports,* Volume 68 (1979) 186.

50 *The Criminal Appeal Reports*, Volume 68 (1979) 185, 185.

51 (1985) 2 All ER 661.

het as filmoperateur by ‘n bioskoop gewerk vanwaar hy rolprente vanaf sy werkgewer geneem het en daarna andere toegelaat het om kopieë daarvan te maak. Hierdie roofkopieë is in die mark versprei tot finansiële nadeel van die filmeienaars en die regmatige verspreiders van die films. Regter Lane het bevind dat:

> ‘…the borrowing did not amount to permanent deprivation unless the property was returned in such a changed state that “all its goodness or virtue has gone”’[52].

Volgens regter Lane kon die films steeds vertoon word en was die praktiese waarde of gebruik daarvan dus nie verminder nie. Blote vermindering van die algehele geldelike waarde van die gesteelde item is dus nie voldoende om die aanklag van diefstal te bevredig nie.

Volgens Palmer en Kohler[53] is dit moeilik om te begryp hoe daar van ‘ontneming’[54] sprake kan wees, indien iemand deur skending van vertroulikheid, die oorspronklike houer forseer om sy geheim te deel, maar nie gedwing kan word om dit te vergeet nie. Wasik[55] is van oordeel dat selfs indien ontasbare eiendom vir diefstal vatbaar kan wees, dit nie beteken dat enigiets ontasbaars nou gesteel kan word nie. Selfs al het inligting waarde, vertroulik en in die vorm van ‘n handelsgeheim, kan dit nie soos eiendom besit[56] word nie.

Die Regskommissie van Engeland en Wallis[57] het in hulle ondersoek na die beskerming van handelsgeheime onder die strafreg tot die

---

[52] Coleman, 98.

[53] Kohler en Palmer, 203.

[54] In Engels vertaal as *deprivation*.

[55] Wasik (1), 11.

[56] In Engels vertaal as *owned*.

[57] *The Law Commission for England and Wales*, Part 1, para 1.24.

gevolgtrekking gekom dat die bestaande beskerming wat aan handelsgeheime onder die strafreg gebied word, slegs van beperkte aard is. Hulle het verder bevind dat ‘n misdryf nie gepleeg word indien ‘n individu alleen, sonder magtiging, geheime inligting op ‘n oneerlike wyse gebruik of openbaar nie, met dien verstaande dat die individu -

(i) vermelde inligting met die toestemming van die eienaar (selfs al is dit in vertroue) ontvang het, byvoorbeeld waar aan die werknemer inligting oorgedra word vir doeleindes van die verrigting van sy/haar werk; of

(ii) terwyl hy geensins magtiging het om die inligting te verkry nie, dit wel verkry ‘without resorting to deception[58], corruption, unauthorised access to a computer, intercepting post, telephone tapping or any other prohibited means’[59].

As voorbeeld verwys die Kommissie na die industriële spioen wat toegang verkry tot ‘n perseel sonder om in te breek (wat ‘n misdryf van strafregtelike saakbeskadiging sal behels) en dan die inhoud van ‘n oopgesluite kabinet deurgaan en toon aan dat sodanige industriële spioen in die omstandighede nie aan ‘n misdryf skuldig bevind kan word nie[60].

Griew[61] is van oordeel dat selfs al word aanvaar dat handelsgeheime as eiendom omskryf kan word, sal dit steeds moeilik wees om te bevind dat sodanige handelsgeheime gesteel is. Sonder twyfel kan daar gesê word dat D die geheim van P toe-eien, indien D op ‘n oneerlike wyse die kennis

---

[58] ‘Or does resort to deception, but there is no understanding that the information is to be paid for (as the Theft Act 1978, s1, requires) or example, a person obtains access to business premises by pretending to be a prospective client, and reads papers lying on a desk’.

[59] *The Law Commission for England and Wales*, Part 1, par 1.24.

[60] Ibid.

[61] Griew, 81.

waarop P ‘n reg (om dit vir homself te hou) het, bekom of indien D gebruik maak van die kennis waarop P alleen ‘n reg (om te gebruik) het. Maar D ontneem hierdeur nie P se kennis nie. D ontneem P slegs van die voordeel wat daaraan gekoppel is – die eksklusiwiteit daarvan. In hierdie senario is dit wat van P *geneem* word nie dieselfde as wat P *ontneem* word nie. Die definisie van diefstal vereis, volgens Griew, egter dat dit wat *geneem* word dieselfde moet wees as dit wat P permanent *ontneem* word. Die gevolgtrekking is dat handelsgeheime in die algemeen nie gesteel kan word nie.

Griew[62] argumenteer verder dat indien aanvaar word dat geheime wel eiendom is, kan daar onder die volgende scenario vir diefstal vervolg word. Indien D vir Q, ‘n chemikus, uit P se diens afrokkel, terwyl slegs Q die kennis het van ‘n formule wat hy vir P ontwikkel het en D dan sodanige formule van Q verkry met ‘n belofte dat Q nie die formule aan P sal openbaar nie. In hierdie geval is dit duidelik dat D die geheim wat P gehad het permanent van P ontneem het, want P het nie meer die geheim nie, aangesien slegs Q die geheim geken het. Ongelukkig struikel hierdie argument in die Engelse reg, want die Engelse reg se definisie van diefstal vereis dat die *voorwerp* wat gesteel word inderdaad eiendom moet wees.

Die Engelse reg het egter wel ‘n stap in die regte rigting geneem deur die *Computer Misuse Act*, 1990 wat op 29 Augustus 1990 in werking getree het. Hierdie wet skep drie nuwe misdrywe. Artikel 1 en 2 van die *Computer Misuse Act* kriminaliseer ‘the gaining of unauthorised access to computer-held programs or data, whether by an outsider acting remotely (hacking), or an insider, such as a company employee, gaining access to computer-held material which he or she has no permission to see’[63]. Die

---

[62] Ibid.

[63] Wasik (2), 627.

derde misdryf is daarop gemik om die opsetlike korrupsie of uitwissing van rekenaarprogramme of data, insluitende die plasing in sirkulasie van rekenaar wurms en virusse, binne die omvang van die strafreg te plaas[64].

Volgens Wasik[65] het die inwerkingtreding van die *Computer Misuse Act* die noodsaaklikheid om die vraag of die strafreg inligting binne die definisie van eiendom vir doeleindes van diefstal en verwante misdrywe moet bring, ontduik of ten minste uitgestel. Myns insiens spreek hierdie wetgewing egter nie die onttrekking of verkryging van die inligting *per se* aan nie, maar slegs die verkryging van toegang tot 'n rekenaar of tot die data[66] vervat in die rekenaar, asook die korrupsie van vermelde data wat sonder magtiging plaasgevind het. Alle inligting wat relevant is om *gesteel* te word, word nie op 'n rekenaar gestoor nie en word steeds in die meer tradisionele media, soos papier of bloot in die geheue gevind.

Die Engelse reg het soos vele ander lande dus die beskerming van inligting as sulks ontduik deur misdrywe wat met die onregmatige toegang tot rekenaars en die peuter met rekenaarprogramme of rekenaardata handel, te skep.

## 3.3 DIE NIE-STRAFREGTELIKE BESKERMING VAN INLIGTING

In teenstelling met ander intellektuele goedere, soos patente en outeursregte, word vertroulike inligting nie deur nie-strafregtelike wetgewing beskerm nie. Inligting word ingevolge nie-strafregtelike beginsels van die Engelse reg nie eers as eiendom erken nie. Die reg beskerm wel sekere soorte inligting op grond van 'n werklike of geïmpliseerde ooreenkoms om die inligting geheim te hou en sal die reg ingryp as die inligting sonder magtiging gebruik of openbaar gemaak

---

[64] Sien in hierdie verband ook die misdrywe wat in die Suid-Afrikaanse reg ingevolge die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet 25 van 2002 geskep is (Hoofstuk 8).

[65] Wasik (2), 628.

[66] Sien Hoofstuk 2 vir 'n bespreking aangaande data.

word[67]. Die omvang en ontwikkeling van die beskerming wat ingevolge die nie-strafregtelike beginsels van die Engelse reg aan inligting gebied word, word in ‘n ondersoek na saakgewysdes gevind.

### 3.3.1 SKENDING VAN VERTROULIKHEID AS AKSIEGROND

So vroeg as 1817 het die Engelse howe erkenning daaraan verleen dat ‘n ooreenkoms om ‘n nie-patenteerbare geheim te behou en dit te beskerm, bindend is. In *Newberry v James*[68] is van die hof verlang om te beslis oor ‘n aansoek vir spesifieke navolging van ‘n vervaardiger-verskaffer se ooreenkoms om weerhouding van openbaarmaking van medisinale resepte en vervaardigingstegnieke wat in vertroue van ‘n uitvinder-verspreider aangeleer is. Volgens Chisum en Jacobs[69] het die hof die eiser adviseer om skade in ‘n geregshof te eis, aangesien dit onmoontlik sal wees om die ‘issuance and enforcement of a specific performance injunction’ te oorweeg sonder om die geheimhouding van die resepte en tegnieke te vernietig. Sodanige geheimhouding kan nie verseker word nie, want vir so ‘n aksie om te slaag word dit vereis dat die geheime aan die hof openbaar gemaak moet word.

In *Williams v Williams*[70] het die hof ‘n interdik bekragtig wat ‘n verweerder-seun-werknemer beveel het om die eiser-vader-werkgewer se resepte en medisyne wat deur die verweerder misbruik is, saam met die winste van die medisyne wat verkoop is, aan die eiser terug te besorg. Die hof het bevind dat die vertroulikheid van die resepte nie bewys is nie en moeilik deur ‘n hof vasgestel kan word en het die hof gevolglik geweier om nie-openbaring te beveel. Die hof het egter verder vermeld dat indien ‘n ooreenkoms tot vertroulikheid wel bewys kon word, die hof

---

[67] Smith, 34-35.

[68] 2 MER. 446 (1817).

[69] Chisum en Jacobs, 3-7, Hfst. 3 B [1].

[70] 3 MER. 157 (1817).

die eiser se reg tot ‘n bevel wat spesifieke navolging afdwing ernstig sou oorweeg.

Die eiser in *Yovatt v Winyard*[71] het geheime mediese formules aangaande dierlike medisyne gehad wat deur die verweerder op ‘n bedrieglike wyse, terwyl hy vir die eiser gewerk het, gedupliseer is. Die eiser het ‘n interdik verkry om die verweerder te verhoed om die formules te gebruik. Die grondslag vir die toegestaande verligting was ‘a breach of trust and confidence’, hoewel die verweerder ook die bepalings van sy vakleerlingskapkontrak verbreek het[72].

Hierdie gedingsgrond van ‘n ‘breach of trust or confidence’ is in *Prince Albert v Strange*[73] en in *Morison v Moat*[74] verdere erkenning verleen. In *Prince Albert v Strange* het Koningin Victoria en Prins Albert ‘n reeks private ‘etchings’ gemaak en ‘n plaaslike drukker gevra om kopieë daarvan te maak. ‘n Aantal van die kopieë het egter hulle weg na die verweerder-publiseerder gevind, wat ‘n ‘catalogue giving details of the etchings’ gepubliseer het. Dit blyk dat die openbaring van die ‘etchings’ aan die publiseerder ‘n skending van ‘n kontrak tussen die drukker en die eisers was. Die verweerder het as verweer aangevoer dat hy nie met enige reg, soos ‘n eiendomsreg van die eisers, ingemeng het nie. Knight-Bruce, V.C. het ‘n interdik teen die verspreiding van die katalogus toegestaan op grond daarvan dat dit ‘n inbreuk op ‘private property rights’ is en meld dat die gemene reg ‘shelters the privacy and seclusion of thought and sentiments committed to writing’[75].

Die appèl was deur Lord Cottenham aangehoor en die kern van sy bevinding is dat die eiser ‘an exclusive right of property in the etching’ het ‘to which the

---

[71] (1820) 1 Jac & W. 394; 37 E.R. 425.

[72] Sien ook Chisum en Jacobs, 3-8 Hfst. 3 B [1].

[73] (1849) 1 De G & Sm. 652; op appèl, (1849) 1 Mac & G. 25; 41 ER 1171.

[74] (1851) 9 HARE 241; 68 ER 492.

[75] Ibid.

defendant had no entitlement'. Hy het verder ook die volgende belangrike opmerking gemaak wat later deur vele howe gevolg is:

> '… but this case by no means depends solely upon the question of property, for a breach of trust, confidence or contract, would, of itself, entitle the Plaintiff to an injunction'[76].

In *Morison v Moat*[77] het die eiser en Moat saam besigheid bedryf. Hulle het medisyne volgens 'n geheime formule, wat slegs aan die eiser bekend was, gemaak. Later het die eiser die geheim aan Moat openbaar met die voorwaarde dat hy onder geen omstandighede dit aan enigeen mag openbaar nie. Moat het die geheim egter op sy sterfbed aan sy seun, die verweerder, bekend gemaak, wat toe mededingend met die eiser die medisyne volgens die geheime formule begin vervaardig het. Die hof het die aansoek om die verweerder te verhoed om van die geheime formule gebruik te maak toegestaan en bevind:

> '….In some cases it has been referred to property, in others to contract, and in others, again, it has been treated as founded upon trust or confidence … but, upon whatever grounds the injunction is founded, the authorities leave no doubt as to the exercise of it'[78].

Hoewel die 'breach of confidence'- aksiegrond dus teen die middel van die negentiende eeu erkenning vir die beskerming van geheime ontvang het, is dit verbasend dat dit teen die laaste helfte van die negentiende eeu op die agtergrond getree het. Dit wil voorkom dat die rede hiervoor die geneigdheid van die howe was om sake op grond van kontraktuele verpligtinge te beslis. Aangesien baie sake wat oor geheime handel wel hulle oorsprong in kontraktuele omstandighede het, veral dienskontrakte, verleen hierdie tipe sake hul meestal

---

[76] (1849) 1 Mac & G 25, 44; 41 ER 1171.

[77] (1851) 9 HARE 241; 68 ER 492.

[78] *Morison v Moat* (1851) 9 HARE 241, 255; 68 ER 492.

tot kontraktuele uitleg en was daar geen nodigheid om die sake op grond van ‘n ‘breach of confidence’ te beslis nie[79].

By oorweging van sake waar die werkgewer poog om sy geheime te beskerm en hy eintlik daardeur ook sy gewese werknemers probeer verhoed om met hom mee te ding, pas die howe openbare beleidsoorwegings toe, wat in die algemeen neig om die ‘freedom of labour and freedom of competition’ deur gewese werknemers, te bevoordeel. Die gevolg hiervan was dat meeste werkgewers gevoel het dat hulle ‘secrets and goodwill’ beter beskerm kan word deur ‘specifically-drawn clauses (restrictive covenants)’ in hulle dienskontrakte met werknemers. Die doel was dat hierdie beperkende bepalings in die dienskontrakte vir ‘n tydperk nadat die werknemer se diens reeds beëindig is, moet geld, ten einde dit vir die werkgewer moontlik te maak om homself teen die gewese werknemer te beskerm.

Sulke uitdruklike bepalings verleen egter nie altyd die verlangde oplossing nie, want by die uitleg van die geïmpliseerde bepalings van ‘n kontrak, lê die howe dit sodanig uit dat hulle die werknemer se reg om van een werk na ‘n ander te skuif en om sy vermoëns en ondervinding te gebruik, in ag neem. Aangesien die potensiële gevolg van enige ‘restrictive convenant’ in die werknemer-werkgewer verhouding is om die werknemer se potensiële vryheid om sy arbeid aan ‘n alternatiewe werkgewer te verkoop of vir sy eie rekening ‘n besigheid te begin, te beperk, ag die leerstuk van ‘restraint of trade’ sodanige bepalings *prima facie* ongeldig, behalwe as dit regverdig kan word[80].

In sy moderne vorm is die basis vir die ‘restraint of trade’- leerstuk te vinde in *Nordenfelt v Maxim Nordenfelt Guns and Ammunition Co. Ltd*[81]. Volgens die neergelegde beginsel het die publiek ‘n belang daarby dat elke persoon sy

---

[79] Hull, 28.

[80] Hull, 235-236.

[81] (1894) A.C. 535, 565.

professie vrylik moet beoefen en dat elke individu inderdaad so ‘n reg het. Alle inmenging met individuele vryheid en ook met handel en alle ‘restraints of trade’-ooreenkomste as sodanig ‘are contrary to public policy and therefore void’[82]. Hierdie is die algemene reël. Daar is egter uitsonderings. So kan ‘restraints of trade and interference with individual liberty of action’ byvoorbeeld geregverdig word deur die spesiale omstandighede van ‘n bepaalde saak. ‘n Voldoende regverdiging en inderdaad die enigste regverdiging is as die beperkings redelik is. Dit wil sê redelik met verwysing na die belange van die betrokke partye en redelik met verwysing na die belange van die publiek, ‘so framed and guarded as to afford adequate protection to the party in whose favour it is imposed, while at the same time it is in no way injurious to the public’[83].

Die volgende kenmerke van die ‘restraint of trade’ - leerstuk is deur die Engelse howe[84] ontwikkel:

(i) In die afwesigheid van spesiale regverdigings-omstandighede is alle beperkings op handelsvryheid teenstrydig met die openbare belang en dus nietig;

(ii) Of spesiale omstandighede die beperking regverdig of nie is ‘n regsvraag wat deur die hof beslis moet word en indien bevind word dat die spesiale omstandighede wel die beperking regverdig, sal die hof nie die ooreenkoms afdwing nie, want om dit dan af te dwing sal teen die openbare belang wees;

(iii) ‘n Beperking kan slegs geregverdig wees indien dit redelik in belang van die kontrakterende partye is en ook redelik in belang van die openbare belang is;

---

[82] Sien die Suid-Afrikaanse beslissing in *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 (4) SA 874 (A) waarin hierdie Engelsregtelike reël omvergewerp is.

[83] (1894) A.C. 535, 536.

[84] *A.G. of Australia v Adelaide Steamship* (1913) A.C. 781; *Herbert Morris Ltd v Saxelby* (1916) A.C. 688; *McEllistrim v Ballymacelliott Co-op Society* (1919) A.C. 548; *Esso Petroleum Ltd v Harpers Garage* (1968) A.C. 269.

(iv) Die onus om te bewys dat die beperking redelik tussen die partye is rus op die persoon wat aanvoer dat dit wel redelik is. Terwyl die onus om te bewys dat die 'covenant' wat redelik *inter partes* is, onredelik in die openbare belang is, rus op die persoon wat beperk word.

Die howe in *Mason v Provident Clothing and Supply Co Ltd*[85] en *Herbert Morris Ltd v Saxelby*[86] het bevind dat die onus om redelikheid *inter partes* te bewys op die party wat die beperking wil afdwing rus en die onus om te bewys dat die bepaling strydig met die openbare belang is op die party wat dit beweer rus. Hierteenoor is daar egter in *Esso Petroleum Co Ltd v Harpers Garage (Stourport) Ltd*[87] beslis dat daar nie werklik 'n onderskeid tussen hierdie twee oorwegings behoort te wees nie en dat die bewyslas op die party wat die bepaling wil afdwing sal rus. Hierdie party moet bewys dat die bepaling redelik is, nie net *inter partes* nie, maar ook dat dit redelik in belang van die publiek is.

In *Herbert Morris Ltd v Saxelby*[88] is verder bevind dat die werkgewer geregtig is tot die beskerming van die beperkende bepaling slegs indien hy 'n geldige 'proprietary interest' het om te beskerm. Die hof bepaal in hierdie verband:

> '....the reason, and the only reason, for upholding such restraint on the part of the employee is that the employer has some proprietary right, within the nature of a trade connection or the nature of trade secrets, for the protection of which such a restraint is ..... reasonable necessary'[89].

---

[85] (1913) A.C. 724.

[86] (1916) A.C. 688.

[87] (1968) A.C. 269; (1967) 1 All E.R. 699 (HL).

[88] (1916) A.C. 688, 710.

[89] Ibid.

Hierna is die aksie gegrond op ‘breach of confidence’ eers weer gedurende 1948 in *Saltman Engineering Co. Ltd. v Campbell Engineering Co. Ltd*[90] oorweeg. Lord Greene M.R. het bevind dat dit nie nodig is dat daar ‘n kontraktuele verhouding tussen die partye moet bestaan voordat ‘n reg geskend kan word nie. Indien twee partye ‘n kontrak sluit waarvolgens een van die partye vir doeleindes van, of in verband met, die kontrak ‘n vertroulike aspek verkry (selfs al swyg die kontrak oor die vertroulike aspek), sal die reg ‘n verpligting om sodanige vertroulike aspek op ‘n vertroulike wyse te hanteer veronderstel as synde een van die geïmpliseerde terme van die kontrak. Die verpligting om vertroulikheid te respekteer is nie beperk tot sake waar die partye dus in ‘n kontraktuele verhouding staan nie.

‘Breach of confidence’ as die basis vir ‘n aksie ter beskerming van inligting is in *Seager v Copydex Ltd*[91] uitgebrei. Lord Denning vermeld dat die reg aangaande hierdie onderwerp nie van enige geïmpliseerde kontrak afhanklik is nie. Dit is afhanklik van die ‘broad principle of equity that he who has received information in confidence, shall not take unfair advantage of it’. Die persoon wat die inligting in vertroue ontvang het mag dit nie tot die nadeel van die persoon, van wie hy dit gekry het, gebruik nie. Hy moet eers sodanige persoon se toestemming verkry voordat hy dit mag gebruik. Hierdie beginsel is duidelik indien al die gegewe inligting privaat is, maar die probleme begin sodra ‘n deel van die inligting privaat is en ‘n ander deel van die inligting openbaar is. Wanneer die inligting so gedeeltelik privaat en gedeeltelik in die openbaar is, moet die ontvanger spesiale sorg dra dat hy slegs die inligting wat in die openbaar beskikbaar is gebruik. Die ontvanger behoort nie in ‘n beter posisie te wees as waarin hy sou gewees het indien hy die inligting vanuit ‘n openbare bron verkry het nie. Hy behoort nie ‘n voorsprong bo andere te verkry deur die inligting te gebruik wat hy in vertroue ontvang het nie. Hy behoort nie ‘n voorsprong te verkry sonder dat hy ten minste daarvoor betaal het nie[92].

---

[90] (1948) 65 R.P.C. 203.

[91] (1967) 2 All E.R. 415, 417.

[92] Ibid.

In *Fraser v Evans*[93] het die eiser, Fraser, 'n verslag vir die Griekse regering geskryf. Fraser se kontrak het egter bepaal dat hy enige inligting wat hy tydens die voorbereiding van die verslag bekom het, vertroulik moet hou. Die Griekse regering het nie dieselfde terugwerkende ooreenkoms aangegaan om die inligting wat Fraser aan hulle verskaf het vertroulik te hou nie. Nadat Fraser sy verslag aan die Griekse regering oorhandig het, is sy verslag deur 'n onbekende bron aan 'n koerant uitgelek, welke koerant 'n artikel daaroor wou publiseer. Fraser was van oordeel dat die koerantartikel sy reputasie kan skaad en het gepoog om die publikasie op grond van 'n 'breach of confidence' te verhoed. Die hof het egter op die feite bevind dat nie een van die partye 'n plig tot vertroulikheid teenoor Fraser gehad het nie, selfs al het hy self die inligting as sensitief beskou[94].

Die hof in *Fraser v Evans* merk soos volg op aangaande die basis van die hof se jurisdiksie:

> 'The jurisdiction is based, not so much on property or on contract, but rather on the duty to be of good faith'[95].

### 3.3.2 DIE WERKNEMER SE VERPLIGTING TOT VERTROULIKHEID

Die beginsels wat die omvang van 'n werknemer se verpligting tot vertroulikheid teenoor sy werkgewer omvat, is breedvoerig in die appèlhofbeslissing van *Faccenda Chicken v Fowler*[96] bespreek. Die volgende vyf punte is van belang:

(i) Waar die partye verbind word of verbind was deur 'n dienskontrak, word die werknemer se verpligtinge

---

[93] (1969) 1 All E.R. 8; (1969) 1 QB 349.

[94] Sien ook Coleman (2), 172, 178.

[95] (1969) 1 All E.R. 8, 11.

[96] (1986) Ch 117; (1986) FSR 291; (1986) 1 All E.R. 617; (1986) 3 WLR 288.

deur die kontrak tussen hom en die werkgewer bepaal[97].

(ii) In die afwesigheid van enige uitdruklike bepaling, word die werknemer se verpligtinge ten opsigte van die gebruik of openbaring van inligting deur die geïmpliseerde terme van die kontrak gereël.

(iii) Vir solank as wat die werknemer vir die werkgewer werk is hy onderhewig aan die geïmpliseerde terme van die kontrak, wat insluit 'a duty of good faith or fidelity on the employee'. Die omvang van die 'duty of good faith' sal afhang van die aard van die kontrak[98]. So sal die 'duty of good faith' geskend word indien die werknemer 'n kliëntelys van sy werkgewer maak vir gebruik nadat sy diens beëindig is. Indien daar egter spesiale omstandighede bestaan soos dat daar geen beletsel op 'n oud-werknemer is om besigheid met sy vorige werkgewer se kliënte te doen nie[99], sal sodanige 'duty of good faith' nie geskend word nie.

(iv) Die geïmpliseerde terme van 'n kontrak wat 'n verpligting op die werknemer plaas, aangaande sy gedrag na die beëindiging van sy diens, is meer beperkend in omvang as die terme wat slegs 'n algemene 'duty of good faith' op die werknemer lê. Hierdie verpligting om nie inligting te openbaar nie kan verwys na inligting aangaande geheime vervaardigingsprosedures soos formules van chemikalieë[100] of ontwerpe of spesiale wyses van

---

97 Sien ook *Vokes Ltd v Heather* (1979) Ch 277, 141.

98 Ibid.

99 Sien ook *Robb v Green* (1895) 2 QB 315; (1895-99) All E.R. Rep 1053 en *Wessex Diaries Ltd v Smith* (1935) 2 KB 80; (1935) All E.R. Rep 1-5.

100 Sien *Amber Size and Chemical Co Ltdv Menzel* (1913) 2 Ch 239.

konstruksie[101]. Dit kan selfs verwys na ander inligting wat van so ‘n hoë graad van vertroulikheid is dat dit op ‘n handelsgeheim neerkom.

Die verpligting is egter nie so wyd dat dit alle inligting wat aan ‘n werknemer tydens sy dienstydperk gegee is of deur hom bekom is, insluit nie. In besonder sluit dit nie inligting in wat slegs vertroulik is in die sin dat ‘n ongemagtigde openbaring van sodanige inligting aan ‘n derde party, terwyl die werkstydperk bestaan, ‘n duidelike skending van die ‘duty of good faith’ is nie.

Hierdie onderskeid word duidelik in *Printers and Finishers Ltd v Holloway*[102] getref. Die vraag wat die hof moes beslis was of ‘n oud-werknemer verhoed moet word om van sy herinneringe oor die inhoud van sekere geskrewe drukker opdragte wat aan hom beskikbaar gemaak is, terwyl hy vir sy vorige werkgewer in die vorige werkgewer se drukkersfabriek gewerk het, gebruik te maak. Regter Cross[103] merk soos volg op:

> ‘In this connection one must bear in mind that not all information which is given to a servant in confidence and which it would be a breach of his duty for him to disclose to another person during his employment is a trade secret which he can be prevented from using for his own

[101] Sien *Reid and Sigrist Ltd v Moss and Mechanism Ltd* (1932) 49 RPC 461.

[102] (1965) RPC 659; (1964) 1 All E.R. 731; (1965) WLR 1.

[103] Uitspraak is op 29 April 1964 gelewer, maar nie in die weeklikse regsverslae aangaande hierdie aspek gerapporteer nie; (1965) RPC 253.

> advantage after the employment is over, even though he has entered into no express covenant with regard to the matter in hand'[104].

As voorbeeld verwys regter Cross na die feite van die saak. Sekere drukkersopdragte is aan die verweerder gedurende sy dienstydperk oorhandig om tot die uitsluitlike voordeel van die eiser aan te wend. Indien hy tydens sy dienstydperk enige deel van die inhoud daarvan aan 'n derde openbaar het sou dit 'n 'breach of duty' gewees het, selfs al is 'n groot gedeelte van die opdragte nie handelsgeheime nie. Die verweerder sou ook nie geregtig gewees het om 'n afskrif van die drukkersopdragte saam te neem sodra hy sy vorige werkgewer se diens verlaat nie. Sover as wat die drukkersopdragte nie handelsgeheime is nie en hy dit in sy geheue weggeneem het, is hy geregtig om dit vir homself of tot voordeel van sy volgende werkgewer te gebruik[105].

Hierdie onderskeid word ook in *E Worsley & Co Ltd v Cooper*[106] getref, waar bevind is dat die verweerder geregtig was om, nadat sy diens beëindig is, van kennis aangaande die bron van die papier wat aan sy vorige werkgewer gelewer word gebruik te maak. Die hof het so bevind selfs al was die inligting vertroulik, in die sin dat dit 'n 'breach of the duty of good faith' sou uitgemaak het, indien hy dit tydens sy dienstydperk vir sy eie doeleindes gebruik het of dit aan 'n mededinger van sy werkgewer sou openbaar het.

---

[104] Ibid.

[105] Sien ook Hull, 218-220.

[106] (1939) 1 All E.R. 290.

(v) Al die omstandighede van ‘n saak moet oorweeg word om te bepaal of enige bepaalde inligting binne die geïmpliseerde terme van die dienskontrak val en sodoende die gebruik of openbaring van die inligting deur die werknemer, nadat sy dienstermyn verstryk het, verhoed. Onder andere moet die volgende vier aspekte oorweeg word:

(i) Die aard van die werk.

(ii) Die aard van die inligting as sulks.

(iii) Of die werkgewer dit by die werknemer ingeprent het dat die inligting vertroulik is.

(iv) Of die relevante inligting gemaklik van ander inligting, wat die werknemer vrylik kan gebruik en openbaar, geskei kan word.

### 3.3.3 GEVALLE WAAR GEEN VERTROUENSVERHOUDING BESTAAN NIE

In die meeste Engelse reg beslissings word dus gevind dat die ontvanger van die vertroulike inligting in een of ander vertrouensverhouding met die houer of eienaar van die inligting gestaan het. Hierdie verhouding het ingehou dat die houer of eienaar van die inligting dit vrywillig aan die ontvanger daarvan openbaar, soos in die geval waar ‘n werkgewer inligting in die verloop van ‘n werksverhouding aan sy werknemer openbaar. Die aksie is dan ook gebaseer op hierdie vertrouensverhouding wat tussen die partye bestaan.

Vele omstandighede bestaan egter waar daar op die vertroulikheid van inligting inbreuk gemaak kan word, waar die verkryger van die inligting nie in ‘n vertrouensverhouding tot die eienaar of houer van die inligting staan nie. Soos in die geval waar ‘n industriële spioen die inligting onregmatig bekom het, het die eienaar of houer van die inligting dit nie aan hom bekend gemaak nie. Die eienaar of houer van die inligting sal soms nie eers daarvan bewus wees dat die spioen die inligting bekom het nie. Deur die inligting te dupliseer of te kopieer bly die houer daarvan steeds in besit van die inligting, terwyl die spioen self ook in

besit van daardie selfde inligting is. Waar daar geen verpligting van vertroulikheid tussen die houer en die verkryger van die inligting bestaan nie, soos in die geval van die spioen, is daar geen regskending wat plaasgevind het nie en dus ook geen aksiegrond nie[107].

Daar is wel 'n paar siviele sake wat oor die onbehoorlike verkryging, gebruik of openbaring van vertroulike inligting deur persone wat nie 'n vooraf bestaande verpligting tot vertroulikheid het nie, handel. Die eerste verwysing na hierdie vraagstuk is te vinde in die wye opmerking deur regter Swinfen Eady in *Ashburton v Pape*[108]:

> 'The principle on which the Court of Chancery has acted for many years has been to restrain the publication of confidential information improperly or surreptitiously obtained or of information imparted in confidence which ought not to be divulged'[109].

Hierna in *ITC Film Distributors Ltd v Video Exchange Ltd*[110] het die hof beveel dat die verweerder 'n dokument, wat hy onbehoorlik van die eiser verkry het, aan die eiser moet terugbesorg, asook alle afskrifte wat van die dokument gemaak is. Die hof het die verweerder verder verbied om van sodanige afskrifte of van die inligting vervat in die dokument gebruik te maak.

In *Malone v Metropolitan Police Commissioner (No2)*[111] is die eiser se telefoon op versoek van die polisie deur die Poskantoor afgeluister en het hy 'n verklarende bevel aangevra om te beslis of hy wel 'n reg tot vertroulikheid in die inligting, wat tydens die telefoongesprek afgeluister is, het. Sir Robert Megarry VC het in sy

---

[107] Coleman, 82.

[108] (1913) 2 Ch 469, 476.

[109] Ibid, 476.

[110] (1982) Ch 431.

[111] (1979) Ch 344.

uitspraak onderskei tussen die misbruik van inligting deur die persoon aan wie die inligting oorgedra moes word en die misbruik van inligting deur iemand wat nie die inligting moes verkry het nie. Megarry VC het die regsposisie verder soos volg uiteengesit:

> '…it seems to me that a person who utters confidential information, must accept the risk of any unknown overhearing that is inherent in the circumstances of communication. Those who exchange confidences on a bus or a train run the risk of a nearby passenger, with acute hearing or a more distant passenger who is adept at lip reading. Those who speak over garden walls run the risk of the unseen neighbour in a tool shed nearby. Office cleaners who discuss secrets in the office when they think everyone else has gone, run the risk of speaking in earshot of an unseen member of staff who is working late. Those who give confidential information over an office intercommunication system, run the risk of some third party being connected to the conversation. I do not see why someone who has overheard some secret in such a way, should be exposed to legal proceedings if he uses or divulges what he has heard. No doubt an honourable man would give some warning when he realises that what he is hearing is not intended for his ears; but I have to concern myself with the law, and not with moral standards. There are, of course, many moral precepts which are not legally enforceable. When this is applied to telephone conversations, it appears to me that the speaker is taking such risks of being overheard as are inherent in the system'[112].

[112] Ibid.

Die hof in *Malone v Metropolitan Police Commissioner (No 2)*[113] verwys deurentyd na iemand wat in die omstandighede waarin ‘n gesprek gevoer word dit *toevallig* aanhoor. Dit wil ook voorkom dat die hof ‘n verantwoordelikheid op die persoon, wat die vertroulike inligting het, plaas om nie vertroulike gesprekke te voer op plekke waar dit toevallig deur iemand wat nie by die gesprek betrokke is nie, aangehoor kan word. Hierdie beslissing handel dus met die *regmatige* afluistering van ‘n gesprek en verleen geensins riglyne vir die aanspreeklikheid van die industriële of ekonomiese spioen wat die gesprek *onregmatig* afluister nie.

In *Francome v Mirror Group Newspapers Ltd*[114] wou ‘n nasionale koerant inligting publiseer wat hulle vanaf ongemagtigde opnames van ‘n telefoongesprek tussen ‘n perdejoggie, Francome, en sy vrou bekom het. Die telefoongesprek het openbaar dat Francome die Jockey Klub se regulasies verbreek het en moontlik ook kriminele oortredings gepleeg het. Francome se aansoek om ‘n interdik om die publikasie te stop het geslaag. Die hof het bepaal dat die inligting wat uit die gesprek na vore gekom het vertroulik is en dat daar op die feite van die saak geen openbare belang in die openbaring van die inligting deur middel van ‘n nasionale koerant is nie. Openbaring aan die polisie of die Jockey Klub is voldoende. Die hof het gewig geheg aan die feit dat die inligting sonder ‘n lasbrief deur ‘n onwettige telefoonafluistering bekom is[115].

Meer onlangs in die sogenaamde ‘*Spycatcher*’ - beslissing[116] het regter Bingham in die *Court of Appeal*[117] en Lord Goff in die *House of Lords*[118] opmerkings

---

[113] (1979) Ch 344.

[114] (1984) 2 All E.R. 417.

[115] Die Engelse *Interception of Communication Act* van 1985 bepaal nou in artikel 1 dat ‘n persoon wat opsetlik ‘n kommunikasie per pos of telefoon onderskep aan ‘n misdryf skuldig is.

[116] *Attorney General v Guardian Newspapers Ltd (No 2)* (1988) 3 All E.R. 545.

[117] Ibid, 625.

[118] Ibid, 658-659.

gemaak dat die hof in gepaste omstandighede die misbruik van inligting, wat onderduims deur ‘n derde party verkry is, sal beperk, ongeag die feit dat die inligting nie deur die een of ander direkte vertrouensverhouding verkry is nie. Hierdie punt is egter nog nie behoorlik deur die Engelse geregshowe oorweeg of beslis nie.

Aangesien die Australiese reg algeheel op die Engelse reg geskoei is, is dit net gepas om na die beslissing in *Franklin v Giddins*[119] wat handel oor die onderduimse verkryging van handelsgeheime, te verwys. Die eiser, ‘n vrugteboer, het ‘n kommersieel suksesvolle boord van *Franklin Early White* kaalperskes bedryf. Die verweerder, wat ook met kaalperskes geboer het, het ‘budwood cuttings’ van die eiser gesteel, want die eiser het geweier om enige van sy ‘budwood cuttings’ aan enigiemand te verskaf. Die verweerder het hierdie ‘budwood cuttings’ gebruik om kaalperskes by sy plaas te groei. Die hof het bevind dat die verweerder die eiser se handelsgeheime gesteel het en hoewel daar geen kontraktuele of ander vertrouensverhouding tussen die verweerder en die eiser bestaan het nie, het die verweerder ‘unconscionably and in contravention of the plaintiff’s rights’ opgetree. Die hof het die verweerder verplig om die ‘budwood’ aan die eiser terug te besorg. Regter Dunn het eers ‘n passasie uit Megher, Gummow en Lehane se *Equity: Doctrines and Remedies*[120] aangehaal wat lees:

> ‘....It would be extraordinary if a defendant, who acquired by eavesdropping or other improper covert means the secrets of the plaintiff because he would not have been able to get them by consensual arrangement, could defend proceedings by the plaintiffs on the ground that no obligation of confidence could arise without communication of the information by the plaintiff’

en toe soos volg daarop kommentaar gelewer:

---

[119] (1978) Qd. R. 72, 80.

[120] Eerste uitgawe, 719, par 4109.

> 'I find myself quite unable to accept that a thief who steals a trade secret knowing it to be a trade secret, with the intention of using it in commercial competition with the owner, to the detriment of the latter, and so uses it, is less unconscionable than a traitorous servant. The thief is unconscionable because he plans to use and does use his own wrong conduct to place himself in a better position than that of a person who deals consensually with the owner'[121].

Hierdie sienswyse wat in die Australiese reg gevolg is, moet ondersteun word. Dit is juis hierdie gevalle waar 'n persoon of 'n spioen die inligting onregmatig oftewel wederregtelik verkry het, waarvoor 'n remedie of 'n strafsanksie in die Engelse reg dringend benodig word. Dit is in hierdie gevalle waar groot skade of nadeel deur 'n slagoffer gely word en ook hierdie gevalle van spioenasie wat besig is om toe te neem.

### 3.3.4 VEREISTE DAT INLIGTING AS EIENDOM MOET KWALIFISEER VOORDAT 'N SUKSESVOLLE AKSIE MOONTLIK IS

Sekere gewysdes blyk wel die vereiste te stel dat inligting synde eiendom moet wees, soos in *Green v Folgham*[122] bevind is. 'n Moeder het 'n geheime oogsalf resep aan haar oudste seun openbaar vir die behandeling van die jonger kinders. Later het sy haar seun gedagvaar vir die vergelding van die winste wat hy uit haar resep gemaak het. Die hof het bepaal dat 'there can be no property' in 'n 'substance so shadowy' as 'n 'mere verbal secret'[123]. Die hof het egter primêr nie sy weiering om aan die moeder uitkoms toe te staan op die verwerping van handelsgeheime as synde eiendom gebaseer nie, maar op ander gronde. Die hof

---

[121] Ibid.

[122] (1828) 1 SIM & ST. 398.

[123] Ibid, 403.

bevind dat 'the defendant received the information under no express or implied obligations and may have given valuable consideration for it'[124].

In *Federal Commissioner of Taxation v United Aircraft Corporation*[125] word die konsep dat inligting synde eiendom is teengestaan. Hierin is geargumenteer dat om inligting te kommunikeer nie 'n oordrag van eiendom daar kan stel nie. Deur die inligting te kommunikeer, behou die oordraer steeds alles wat hy gehad het en die persoon aan wie die inligting oorgedra word ontvang alles wat aan hom oorgedra word. Die oordraer en ontvanger het dan albei die inligting en is daar geen eiendom oorgedra nie. Kennis is waardevol, maar kennis is nog 'real nor personal property'. 'n Persoon met 'n 'richly stored mind is not for that reason a man of property'[126].

Drie uit die vyf regters in *Boardman v Phillips*[127] ondersteun die sienswyse dat inligting wel as eiendom kan kwalifiseer. Hulle het bevind dat aandeelpryse wat deur trustees bekom is wel die eiendom van die trust is. Hulle wys daarop dat dit wat 'know-how' genoem word in 'n kommersiële sin eiendom is, wat baie waardevol as 'n bate kan wees en gaan dan voort:

> '...the confidential information acquired in this case, which was capable of being and was turned to account, can be properly regarded as the property of the trust'[128].

Die ander twee regters in *Boardman v Phillips*[129] het bevind dat in die algemeen inligting geensins eiendom is nie. Inligting is normaalweg toeganklik aan almal wat ore het om te hoor en oë het om te sien. Die ware toets is om vas te stel in

---

[124] Chisum en Jacobs, 3-8 Hfst 3B[1].

[125] (1943-1944) 68 C.L.R. 525, 534-535.

[126] Ibid.

[127] [1966] 3 All E.R. 721.

[128] Ibid.

[129] [1966] 3 All E.R. 721, 743 en 759.

welke omstandighede die inligting verkry is. Indien die inligting verkry is in sodanige omstandighede dat dit ‘n ‘breach of confidence’ sal wees om dit aan ‘n ander te openbaar, dan sal die ‘courts of equity’ die ontvanger verhoed om dit aan ‘n ander persoon te kommunikeer. In sulke sake is vertroulike inligting gereeld en vir baie jare beskryf as die eiendom van die gewer. Die twee regters gaan dan voort:

> ‘....the books of authority are full of such references; knowledge of secret processes, “know-how”; confidential information as to the prospects of a company or of someone’s intention or the expected results of some horse race based on stable or other confidential information. But in the end the real truth is that it is not property in any normal sense, but equity will restrain its transmission to another if in breach of some confidential relationships’[130].

In *Exchange Telegraph Co. Ltd v Howard and Manchester Press Agency Ltd*[131] bespreek regter Buckley, inligting as synde eiendom. Die eiser se besigheid is die insameling en verspreiding van inligting. Die hof bepaal dat die kennis van ‘n feit wat aan andere onbekend is wel die eiendom van ‘n persoon kan wees, aangesien andere hom sal betaal vir die inligting aangaande daardie feit. In ongepubliseerde inligting is daar ‘n eiendomsreg of daar kan een wees, afhangende van die omstandighede van die saak. Die eiser het nie op grond van ‘n outeursreg skending geëis nie, maar het ingevolge die gemene reg ‘n aksie ingestel wat gegrond is op ‘n reg op eiendom in inligting wat hy ingesamel het en in ‘n posisie is om te verkoop. Volgens die eiser het die verweerder dus sy eiendom gesteel. Die verweerder het op ‘n onderduimse wyse dit, wat aan die eiser behoort, bekom en nou gebruik die verweerder dit in kompetisie teen die eiser.

---

[130] Ibid.

[131] (1906) 22 T.L.R. 375.

Weinrib verwys na die beslissing in *Exchange Telegraph Co. Ltd v Howard and Manchester Press Agency Ltd*[132] waar Buckley J opmerk:

> 'The plaintiff's carry on the business of collecting and distributing information. The knowledge of a fact which is unknown to many people may be the property of a person in that others will pay the person who knows it for the information as to that fact. In unpublished information there is a right of property, or there may be in the circumstances of the case. The plaintiff's here sue not in copyright at all, but in respect of that common law right of property in information which they had collected and were in a position to sell. Their case is that the defendant stole their property, that he has surreptitiously obtained that which belonged to them and used it in rivalry with them'[133]

en kritiseer dan hierdie Engelsregtelike beginsels wat aanspreeklikheid op 'good faith' en 'breach of confidence' baseer[134]. Volgens Weinrib[135] is dit die versuim om eiendomsregte in vertroulike inligting te erken wat die Engelse reg in so 'n absurd moeilike posisie geplaas het. Deur vertroulike inligting as eiendom te beskou 'allows a court to fasion exclusive rights in a way that protects any appropriation by improper means'[136].

Eisenschitz[137] ondersoek ander skrywers se menings aangaande die aard van die verpligting tot vertroulikheid en kom tot die gevolgtrekking dat 'a recognisable quantum of information to which a label of confidentiality may be attached' die basis vorm vir 'n sivielregtelike aksie. Volgens haar dra hierdie etiket 'n finansiële

---

[132] (1906) 22 T.L.R 375.

[133] Ibid.

[134] Weinrib, 135.

[135] Weinrib, 135.

[136] Ibid.

[137] Eisenschitz, 92.

waarde en sodoende kan hierdie pakket van vertroulike inligting verhandel word, soos in die geval van ‘n kommoditeit. Hierdie pakket dra dus die eienskap van ‘n item van eiendom. Sy gaan dan verder en meld:

> ‘It has been recognised that property cannot be considered as a “thing”, an object, but rather as a bundle of rights and obligations. Thus, it is possible for the confidential relationship to possess some, perhaps most, of the characteristics of proprietary rights while not possessing others’[138].

### 3.3.5 WELKE INLIGTING BEHOORT BESKERMING VERLEEN TE WORD

Hierdie deel van die Engelse reg wat met vertroulikheid handel, omvat ‘n wye verskeidenheid van verskillende tipes inligting of ‘know-how’ wat tegniese inligting en besigheidskennis soos kliëntelyste insluit. Die omvang van die reg in Engeland wat te make het met die beskerming van vertroulike inligting, het meer te doen met die moeite wat gedoen word om die inligting te dupliseer as wat dit met die aard van die materiaal wat beskerm wil word te make het. Die blote feit dat die inligting eenvoudig is, verhoed nie die beskerming daarvan nie. Al wat nodig is, is dat die beskikbaarheid daarvan beperk is[139].

#### 3.3.5.1 OPINIES VAN ENGELSREGTELIKE SKRYWERS

Volgens Groves[140] moet inligting bepaald en goed afgebaken wees. Inligting wat in die openbaar beskikbaar is kan nie beskerm word nie, hoewel daar aan ‘n bepaalde deel van openbare inligting beskerming verleen kan word. Sodra inligting openbaar is, kan geen ooreenkoms om dit vertroulik te hou die vertroulikheid daarvan herstel nie. Enige

---

[138] Ibid.

[139] Groves, 644.

[140] Groves, 644.

openbaring is fataal vir die vertroulikheid van die inligting, behalwe as die openbaring in vertroulike omstandighede plaasgevind het. Die reg aangaande vertroulikheid beskerm inligting slegs teen openbaarmaking en verleen nie beskerming teen 'reverse engineering or analysis', waar die openbare item wat ondersoek word uit die aard daarvan self die inligting aan die derde party openbaar nie.

Die meeste sake in die Engelse reg, waarna verwys word as sake aangaande handelsgeheime, ontwyk eintlik die gebruik van die term 'trade secret' en word die term 'confidential information' verkies. Volgens Wise[141] het vertroulike inligting in die Engelse reg die status van 'n erkende regsbegrip verwerf en kan dit beide geheime en nie-geheime inligting omvat. Vertroulike inligting is dus hiervolgens 'n wyer begrip as wat onder die begrip handelsgeheim verstaan word.

Daar bestaan geen algemeen erkende of aanvaarde definisie van 'n handelsgeheim in die Engelse reg nie. 'n Volledige definisie of karakterisering van die term handelsgeheim kom ook nie in die gewysdes of die regsgeskrifte voor nie[142].

Wise[143] het uit die gewysdes wat wel die term 'trade secrets' gebruik (sonder om te bepaal wat die term beteken) en uit beginsels wat reeds in ander lande neergelê is, die volgende vereistes van 'n handelsgeheim geïdentifiseer:

> '(i) It consists of information;
> (ii) The information must be secret either in an absolute or a relative sense;
> (iii) The possessor must demonstrate that he has acted with an intention to treat the information as a secret;

[141] Wise, 2-9.

[142] Wise, 2-11.

[143] Wise, 2-11; 2-12.

(iv) The secret information must be capable of industrial or commercial application; and

(v) The possessor must have an interest in the information worthy of legal protection, bearing in mind English principles of equity. This will generally be an economic interest'[144].

Aangaande die eerste element is Wise van oordeel dat die betrokke inligting byvoorbeeld van 'n industriële, kommersiële, wetenskaplike, finansiële, administratiewe, besigheids, organisasionele of kontraktuele aard kan wees. Verdere insig oor wat onder die begrip inligting verstaan behoort te word, sal nie verkry word deur die begrip inligting te definieer nie, want hierdie is 'n begrip wat deur elkeen verstaan word. Inligting verwys na die bepaalde inligting en kennis as sulks en nie na die voorwerp of item waarin die inligting voorkom of vervat is nie. Dit verwys dus nie na die stuk papier of ander fisiese of liggaamlike voorwerp waarin dit vervat is nie.

Met verwysing na die tweede vereiste dat die inligting geheim moet wees (in 'n absolute of relatiewe sin), kan inligting vertroulik geag word, indien die algemene publiek of die oorgrote meerderheid van deskundiges of mededingers in die bepaalde lyn, veld of spesialiteit nie kennis van die inligting het nie of nie geredelik daartoe toegang het nie. Indien die inligting nog meer geheim is, sal dit klaarblyklik binne die beginsel van geheimhouding val. Hieruit kan ook afgelei word dat meer as een persoon of onderneming op dieselfde tydstip dieselfde handelsgeheim mag hê, hoewel dit nie in sodanige omstandighede die geheimhouding van die handelsgeheim sal vernietig nie.

Selfs al is die aparte kenmerke of eienskappe van 'n handelsgeheim goed bekend, reeds gepubliseer of vatbaar vir gemaklike vasstelling deur

[144] Ibid.

inspeksie, maar die spesifieke samestelling van die inligting wat die handelsgeheim vorm, is nie algemeen bekend nie, sal hierdie spesifieke samestelling van inligting ‘n handelsgeheim daarstel. In so ‘n geval is dit die hele resultaat of samestelling van inligting wat geheim is en waarvoor beskerming verleen sal word[145].

Die publikasie van alle of die essensiële deel van ‘n geheim in ‘n joernaal, in patentspesifikasies of in enige ander geskrewe dokument waartoe die belangstellende publiek toegang het of waartoe die wetenskaplike, professionele, industriële of kommersiële beroepsklas normaalweg ‘n belang sal hê, sal tot gevolg hê dat die inligting openbare kennis word. Derhalwe sal dit nie meer ‘n geheim wees nie en dus nie ‘n handelsgeheim nie.

Om as ‘n handelsgeheim te kwalifiseer moet die inligting in die industrie of kommersieel aangewend kan word. Hoewel die Engelse reg gewysdes (as ‘n reël) nie na hierdie vereiste verwys nie, bestaan daar min twyfel dat dit wel ‘n vereiste is om as ‘n handelsgeheim in die Engelse reg te geld. Volgens Wise[146] word ondersteuning vir hierdie gevolgtrekking gevind in

---

[145] Jones, 467; sien ook *Under Water Welders Repairers Ltd v Street* (1968) R.P.C 498, 506-507 deur regter Buckley; *Harvey Tiling Co. Pty v Rodomac (Pty) Ltd* (1977) R.P.C 399, 413 deur regter Nicholas (‘n Suid-Afrikaanse saak); en *Yates Circuit Foils v Electrofoils* (1976) F.S.R. 345, 387, deur regter Whitford. Sien ook *Ansell Rubber Co. Pty Ltd v Allied Rubber Industries Ltd* (1967) V.L.R. 37, 49; (1972) R.P.C. 811, 825 – ‘n Australiaanse saak – deur regter Gowans aangaande handelsgeheime:

> ‘Its subject matter may not be a process in common use or something which is public property and public knowledge, but if it is the result of work done by the maker upon materials which may be available for the use of anybody, so as to achieve a result which can only be produced by somebody who goes through the same process, it will be sufficient. All of its separate features may have been published, or capable of being ascertained by actual inspection by any member of the public, but if the whole result has not been achieved, and could not be achieved, except by someone going through the same kind of process as the owner, it will fail to qualify by reason of the publication..... . There is no suggestion of the need for invention. Little can be gathered of the degree of secrecy required beyond what is implied in what is said. But it is a fair inference from what is said that the [plaintiff] must have kept the matter to himself and from his competitors’.

[146] Wise, 2-20; 2-21.

die gebruik van die woord ‘trade’ in die term ‘trade secret’. Dit is ‘n geheim van handel, waar handel na besigheid of industrie verwys. Ander inligting soos navorsingsdata, abstrakte idees of persoonlike data, wat nie geskik is om in die industrie of kommersieel aangewend te kan word nie, kan dus nie, volgens Wise, as handelsgeheime geag word nie. Volgens Wise[147] is hierdie ander inligting slegs ‘n idee ‘which, qua idea, is not protected by the law; more importantly, however, such information can constitute confidential information’.

Wise[148] ag dan die volgende as die vereistes of stilswyende eienskappe van vertroulike inligting soos in die Engelse reg gewysdes te vinde is:

(i) Dit moet inligting wees.

Hierdie inligting kan industrieel, kommersieel of wetenskaplik van aard wees. Dit kan egter ook veel wyer wees en sluit ook enige inligting van waarde vir die houer daarvan, in. Hierdie inligting is dus nie beperk tot handelsgeheime nie, maar kan wel handelsgeheime insluit[149].

(ii) Dit moet vertroulik wees.

Die term vertroulik moet nie met die term geheim verwar word nie. Volgens gewysdes sal vertroulike inligting, inligting wees wat aan die volgende voldoen:

(a) inligting waaroor die partye uitdruklik, dit wil sê mondelings of skriftelik (kontraktueel), ooreengekom het om die inligting vertroulik te hanteer; of

(b) inligting wat deur die besitter in omstandighede van vertroulikheid aan die ontvanger oorgedra

---

147 Wise, 2-21.

148 Wise, 2-23 tot 2-26.

149 Sien *Argyll v Argyll* (1967) Ch. 302 en *Foster v Mountford and Rigby* (1978) F.S.R. 582.

of toevertrou is, sonder dat enige kontraktuele ooreenkoms tussen hulle aangegaan is; of

(c) inligting wat aan die ontvanger beskikbaar of toeganklik was, as gevolg van sy verhouding van vertroue en vertroulikheid wat hy met die besitter van die inligting het.

Met ander woorde, inligting kan vertroulik wees op grond van 'n kontraktuele bepaling (uitdruklik of stilswyend) of deur die vertrouensverhouding wat tussen die partye bestaan of uit die vertroulike omstandighede waaronder die tweede party (ontvanger) die inligting te hore gekom het. Inligting wat vertroulik is mag, algemeen gesproke, nie bekend gemaak en/of gebruik word vir die ontvanger se eie of 'n ander se voordeel sonder die eienaar se toestemming nie, behalwe indien die kontrak anders bepaal.

(iii) Dit mag geheim wees of nie.

Die inligting mag wel geheim wees, maar daar is geen vereiste dat dit inderdaad geheim moet wees nie. Nie eers relatiewe geheimhouding word vereis nie. Wise maak hierdie afleiding na aanleiding van die bekende voetnoot in die saak van *Terrapin Ltd v Builders Supply Co (Hayes)*[150] wat in die meeste van die latere sake aanvaar is.

---

[150] (1966) R.P.C.128, 130; (1967) R.P.C. 375 voetnoot 2 deur regter Roxburgh:

> 'As I understand it, the essence of this branch of the law, whatever the origin of it may be, is that a person who has obtained information in confidence is not allowed to use it as a springboard for activities detrimental to the person who made the confidential communication, and springboard it remains even when all the features have been published or can be ascertained by actual inspection by any member of the public …. The possessor of the confidential information still has a long start over any member of the public....It is, in my view, inherent in the principle upon which the *Saltman* case rests that the possessor of such information must be placed under a special disability in the field of competition to ensure that he does not get an unfair start'.

Die onderskeid tussen handelsgeheime en vertroulike inligting is volgens Wise[151] dan juis in hierdie aspek van geheimhouding geleë. Hy verskil van ander skrywers soos G. Forrai, D.E. Fisher, en G. Jones wat van oordeel is dat ‘n sekere graad van geheimhouding altyd ‘n onontbeerlike element van vertroulike inligting is. Wise kritiseer hierdie skrywers op grond daarvan dat hulle nie ‘n onderskeid tussen vertroulike inligting en handelsgeheime tref nie en dat daardie skrywers wat wel so ‘n onderskeid tref net sodanige onderskeid verwar.

Vertroulike inligting ontstaan uit ‘n verhouding van vertroue en vertroulikheid en alleenlik daaruit. Inligting is vertroulike inligting slegs teenoor daardie persone wat ‘n plig (uitdruklik of by implikasie) teenoor die houer van die inligting het om nie die inligting bekend te maak of dit te gebruik sonder die toestemming van die houer of van diegene wat dit vanaf die houer bekom het nie. Teenoor alle ander persone in die wêreld is hierdie inligting nie vertroulike inligting nie[152].

Jones[153] identifiseer vier vereistes vir inligting voordat dit as vertroulik bestempel kan word:

> ‘(i) that some degree of secrecy is essential before information can be deemed to be confidential;
> (ii) that confidential information need not be novel in the sense, for example, that it could be the subject of a successful patent application;
> (iii) that confidential information cannot embrace the ordinary skills which an individual may acquire in the ordinary course of his life; and

---

[151] Wise, 2-27.

[152] Ibid.

[153] Jones, 466.

(iv) that the courts will not impose an obligation of confidence upon a defendant when it would be illegal or contrary to public policy so to do'[154].

Wise[155] kritiseer die eerste vereiste soos dit deur Jones uiteengesit is en stel voor dat hierdie vereiste van Jones met die volgende vervang word om dan te lees:

'(i) some degree of secrecy is not essential before information can be deemed to be confidential, though often, usually, in fact, confidential information will have some degree of secrecy'[156].

Die volgende is dan 'n definisie van vertroulike inligting soos deur Wise[157] voorgestel:

'...information, whether or not secret, directly or indirectly imparted or provided to someone under express obligations of confidence or under circumstances which justify the imputation of obligations on the divulgee not to make further divulgence and/or use (and possibly similar obligations on the divulger in certain circumstances)'[158].

Hoewel 'n sekere graad van geheimhouding dalk nie in die Engelse reg vereis word nie, is die rede hiervoor dat die basis waarop beskerming aan inligting verleen word die voorafgaande vertrouensverhouding tussen die partye en nie die aard van die inligting as sodanig nie. Indien die Engelse reg se basis waarop beskerming verleen word nie vermelde

---

[154] Ibid.

[155] Wise, 2-27.

[156] Ibid.

[157] Wise, 2-29.

[158] Ibid.

vertrouensverhouding was nie, sou argumenteer kan word dat ‘n sekere mate van geheimhouding van die inligting wel vereis moet word.

‘n Aksie om skadevergoeding of ‘n interdik of in gepaste omstandighede selfs beide kan vir die misbruik van inligting ingestel word. Alle relevante feite en omstandighede en in meer besonder, die nadeel tot die belange van die party wat die inligting openbaar het, asook die openbare belang wat bepaal dat handelsvryheid en soortgelyke verpligtinge nie onredelik en onregverdig beperk mag word nie, sal in ag geneem word. ‘n Aksie het ‘n groter kans op sukses indien dit ‘n handelsgeheim is wat sonder magtiging openbaar gemaak is, teenoor die geval waar dit nie-geheime inligting hoewel steeds vertroulike inligting is wat sonder magtiging openbaar gemaak is[159].

Die industriële of ekonomiese spioen wat op ‘n direkte of indirekte wyse ‘n handelsgeheim of vertroulike inligting vanaf ‘n mededinger (werklik of potensieel) bekom, terwyl daar geen vertrouensverhouding tussen die spioen en die mededinger bestaan nie, pleeg nie ‘n onwettige handeling nie. Nie ingevolge die strafreg nie en ook nie ingevolge nie-strafregtelike bepalings nie. Daar bestaan dus geen *tort* of misdryf in die Engelse reg vir die wederregtelike verkryging van inligting (ongeag of dit vertroulike inligting of handelsgeheime is) nie[160].

Nie net die Engelse regskrywers se opinies verlang ondersoek ten einde te bepaal wat onder die term vertroulike inligting verstaan kan word en aan welke vereistes voldoen moet word voordat ’n verpligting van vertroulikheid ontstaan nie. Die gewysdes in die Engelse reg moet ook nagegaan word.

---

[159] Ibid.

[160] Ibid.

### 3.3.5.2 ENGELSREGTELIKE HOFBESLISSINGS

Die grondbeginsels in die moderne Engelse reg aangaande vertroulike inligting (in teenstelling met handelsgeheime), is gedurende 1948 in *Saltman Engineering Co Ltd v Campbell Engineering Co Ltd*[161] gelê en later gedurende 1959 in *Terrapin Limited v Builders Supply Co (Hayes)*[162] bevestig as 'n aksie vir skending van vertroulikheid.

Lord Greene in *Saltman Engineering Co Ltd v Campbell Engineering Co Ltd*[163] veronderstel dat daar twee vereistes by die bestaan van vertroulike inligting teenwoordig moet wees. Die eerste is omstandighede wat 'an obligation of trust and confidence' tussen die partye oproep. Tweedens moet dit inligting wees wat duidelik nie openbare kennis 'in the form in which it is communicated to the obligator' is nie.

Ten opsigte van die eerste vereiste bevind Lord Greene[164] dat selfs al het Mnr Ransom nie 'n kontrak met die verweerder gesluit nie, is daar geen twyfel dat die vertroulike tekeninge, wat hy aan die verweerder oorhandig het ten einde die bestelling wat by hom geplaas was uit te voer, steeds die eiendom van *Saltman Engineering Company* gebly het nie. Die verweerder het reeds vroeg in die onderhandelinge geweet dat die tekeninge die eiendom van *Saltman Engineering Company* is. Die verweerder het verder geweet dat die tekeninge slegs vir 'n beperkte doel in sy besit geplaas is en dit was om die gereedskap volgens die tekeninge te vervaardig. Lord Greene bevind dan dat die bestaan van 'n vertroulike verpligting tussen Saltman en die verweerder oorweldigend bewys is[165].

---

[161] (1948) 65 R.P.C 203.

[162] (1966) R.P.C 128; (1967) R.P.C 375.

[163] *Saltman Engineering Co Ltd v Campbell Engineering Co Ltd* (1948) 65 R.P.C. 203, 212-213.

[164] Ibid.

[165] Ibid, 213-214.

Betreffende die tweede vereiste merk Lord Greene[166] op dat vir inligting om vertroulik te wees (in afwesigheid van 'n kontrak) moet die inligting 'the necessary quality of confidence about it' hê. Dit moet nie iets wees wat openbare eiendom of openbare kennis is nie. Aan die ander kant is dit moontlik om 'n vertroulike dokument, soos 'n formule, 'n plan, 'n skets of sodanige voorwerp te hê, 'which is the result of work done by the maker upon materials which may be available for the use of anybody'. Wat hierdie dokument egter vertroulik maak is die feit 'that the maker of the document has used his brain and thus produced a result which can only be produced by somebody who goes through the same process'[167].

Drie vereistes word deur regter Megarry in *Coco v A N Clark (Eng) Ltd*[168] gestel vir 'n suksesvolle aksie gegrond op 'a breach of confidence', indien daar nie 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die partye is nie:

> 'First, the information itself, …., must "have the necessary quality of confidence about it"[169]. Second, that information must have been imparted in circumstances importing an obligation of confidence[170]. Third, there must be an unauthorised use of that information to the detriment of the party communicating it'[171].

Volgens regter Megarry[172] moet inligting dus van 'n vertroulike aard wees, want iets wat 'public property and public knowledge' is, kan nie die

---

166 Ibid, 215.

167 Ibid, 215.

168 (1969) R.P.C. 41, 47 ev.

169 'i.e. the information must in fact be secret'; sien Prime, 1.

170 'i.e. it must have to be given in confidence'; sien Prime, 1.

171 'i.e. the confidence must have been broken'; Prime, 1. Volgens Prime moet 'n verdere vereiste ook bevestig word, synde dat die vertrouensverpligting nog nie tot 'n einde moes gekom het nie.

172 *Coco v AN Clark (Eng) Ltd* (1969) R.P.C. 41, 47 ev.

grondslag van ‘n aksie vir ‘breach of confidence’ wees nie. Hoe vertroulik die omstandighede waarin die kommunikasie van die inligting plaasgevind het ookal was, indien die inligting reeds algemene kennis was, kan daar geen aksie wees indien die inligting ook aan andere bekend gemaak word nie, want dit is reeds bekend. Maar iets wat uitsluitlik uit materiaal wat in die openbare domein is saamgestel is, kan ook die ‘necessary quality of confidentiality’ hê. Iets nuut en vertroulik kon uit die bekende inligting geskep gewees het deur die gebruik van ‘skill and ingenuity of the human being’. Nuwigheid is afhanklik van die item self en nie van die kwaliteit van die onderskeie dele nie. Soms hoe meer opvallend die nuwigheid is, hoe meer algemeen van aard is die onderdele van die item. Regter Megarry merk op:

> ‘.....whether it is described as originality or novelty or ingenuity or otherwise, I think there must be some product of the human brain which suffices to confer a confidential nature upon the information...’[173].

Hoe geheim of vertroulik die inligting ookal is, kan geen bindende verpligting tot vertroulikheid voortbestaan sodra die inligting eers in die openbaar uitbasuin was nie. Regter Megarry is onseker welke toets gebruik behoort te word om te bepaal of die omstandighede ‘an obligation of confidence’ behels en gaan voort om die toets te probeer definieer:

> ‘It may be that that hard-worked creature, the reasonable man, may be pressed into service once more: for I do not see why he should not labour in equity as well as at law. It seems to me that if the circumstances are such that any reasonable man standing in the shoes of the recipient of the information would have realised that upon reasonable grounds the information was being given to him in

[173] *Coco AN Clark (Eng) Ltd* (1969) R.P.C. 41, 47 ev.

> confidence, then this should suffice to impose upon him the equitable obligation of confidence'[174].

In omstandighede waar inligting wat van 'n kommersiële of industriële aard of waarde is, deur een party aan 'n ander in besigheidsverband beskikbaar gemaak word en die partye 'n erkenbare algemene doel in gedagte het, soos 'n gesamentlike onderneming of waar die een party vir die ander party items vervaardig, gaan die party wat die inligting ontvang het moeilik aantoon dat daar geen 'obligation of confidence' tussen hulle bestaan het nie. Regter Megarry twyfel of 'equity would intervene unless the circumstances are sufficient gravity; equity ought not to be invoked merely to protect trivial tittle-tattle, however confidential'[175].

Hierdie mening dat inligting wat as 'trivial tittle-tattle' beskryf kan word, op billikheidsgronde nie beskerming verleen moet word nie, is oop vir kritiek. Indien inligting die vereiste graad van geheimhouding of vertroulikheid besit en vir iemand geldelike waarde het, behoort dit waardig te wees vir beskerming, selfs al lyk die inligting andersins onbelangrik[176]. Die plig van vertroulikheid is nie absoluut of alles omvattend nie. Dit sal nie strek tot inligting wat onbruikbaar of onbelangrik is nie.

Die standpunt dat die persoon wat inligting in vertroue ontvang het geregverdig is om sodanige vertroulikheid te skend en die inligting in die belang van die publiek mag openbaar indien die inligting op 'n wandaad betrekking het word in *Gartside v Outram*[177] gevind. Wood VC merk op:

---

[174] Ibid.

[175] Ibid.

[176] Prime, 6.

[177] (1857) 26 L.J. Ch 113.

> '.... there is no confidence as to the disclosure of an iniquity'[178].

'n Verdere vraag is of nadeel gely deur die eiser wel 'n vereiste is voordat die verweerder aanspreeklikheid sal opdoen, aangesien sekere gewysdes dit vereis en ander nie. Hoewel dit aanvanklik kan blyk dat nadeel wel gely moet wees voordat 'n beroep op billikheid gedoen kan word, kan omstandighede voorkom waar geen nadeel gely word nie en aanspreeklikheid steeds kan volg. 'n Eiser kan hom op billikheid beroep terwyl hy nie nadeel ervaar het nie, soos waar die vertroulike inligting hom in 'n goeie lig sal stel, maar waar die openbaring van die inligting tot onreg van 'n vriend of verwantskap wat hy wil beskerm sal wees.

In *Attorney General v Guardian Newspapers Ltd (No 2)*[179] is die volgende vereistes aangaande die vertroulikheid van inligting uiteengesit:

> 'The information must not be "public knowledge" … in the public domain … . To be confidential information must have…the basic attribute of inaccessibility… But however confidential the circumstances of communication, there can be no breach of confidence in revealing to others something which is already common knowledge …'[180].

Vertroulike inligting in die industriële of bedryfsarena wat beskerming verdien word verder in *Thomas Marshall (Exports) Ltd v Guinle*[181] bespreek. Die hof is van oordeel dat dit eerstens inligting moet wees waaroor die eienaar sal glo dat die openbaring daarvan vir hom tot nadeel sal strek of tot voordeel van sy mededingers of andere sal wees. Die eienaar van die inligting moet verder glo dat die inligting vertroulik of

---

[178] Ibid.

[179] (1988) 3 All E.R. 545, 624-625 – die sogenaamde 'spycatcher' - saak.

[180] Ibid.

[181] (1978) 3 All E.R. 193, 209-210; (1978) 3 W.L.R. 116, 135-136.

geheim is, dit wil sê dat dit nie reeds in die openbare domein is nie. Dit mag wees dat sommige of al sy mededingers reeds die inligting het, maar al wat vereis word, is dat die eienaar glo dat dit nog vertroulik is. Sodanige geloof van die eienaar moet egter redelik wees. Die hof bepaal verder dat die inligting beoordeel moet word aan die hand van die gebruike en gewoontes wat in die bepaalde industrie of handel bestaan. Dit mag wel voorkom dat inligting wat nie aan al die vereistes voldoen nie steeds op beskerming as vertroulike inligting of handelsgeheime geregtig kan wees. Inligting wat egter wel aan al die vereistes voldoen, moet beskerming verleen word.

Hierdie vereistes soos uiteengesit in *Thomas Marshall (Exports) Ltd v Guinle*[182] kan egter nie ondersteun word nie. Selfs al glo die eienaar van vertroulike inligting of handelsgeheime dat sy inligting nie in die openbare domein is nie en selfs al is die eienaar se geloof redelik, maar die inligting is wel algemene kennis, kan beskerming sekerlik nie daaraan verleen word nie. Wat van belang is, is die werklike posisie, nie iemand se geloof oor wat die werklike posisie is nie. Die toets behoort ‘n objektiewe toets te wees van of die inligting in die openbare domein is of nie. Dit behoort nie ‘n subjektiewe toets van wat die eienaar in die bepaalde omstandighede geglo het, te wees nie. Iemand se daadwerklike geloof dat iets blou is, terwyl dit in werklikheid rooi is, maak dit sekerlik nie blou nie.

‘n Verskeidenheid van tipes inligting is reeds deur die Engelse howe beskerming verleen[183]. Dit sluit in ‘professional questionnaire, commercial information such as customer lists and marketing procedures, technical details of a patent, politically significant and sensitive information, and even, in the domestic field, private marital confidences between husband and wife’ soos in die geval van *Duchess of Argyll v Duke of Argyll*[184].

---

[182] Ibid.

[183] Prime, 4.

[184] (1967) Ch 302.

'n Vraag wat opduik is hoe wyd 'n geheim versprei moet wees voordat dit geag word in die openbare arena te wees en dus ophou om 'n geheim te wees. Die howe het nie 'n streng toets hiervoor gestel nie en hanteer die aangeleentheid as 'n feitevraag wat in die bepaalde omstandighede van elke saak beslis sal word. Die howe het wel die sienswyse ingeneem dat die beskikbaarmaking van inligting aan 'n klein hoeveelheid persone, wat die een of ander verbintenis tot mekaar het, behalwe die feit dat hulle die geheim met mekaar deel, nie 'n beskikbaarstelling van die inligting aan die publiek is nie. In sodanige omstandighede sal die inligting steeds geheim geag word en steeds beskerming verleen word[185].

Indien 'n verweerder egter kan aantoon dat die inligting, wat aan hom verskaf is in omstandighede waarin die eiser nou vertroulikheid eis, alreeds aan hom bekend was, voordat die eiser dit aan hom verskaf het, is hy nie gebonde aan die verpligting tot vertroulikheid nie[186].

Gegrond op die Engelse reg is sekere faktore in *Wright v Gasweld Pty Ltd*[187] uiteengesit wat gebruik kan word om te bepaal of inligting wel vertroulik is. Hierdie faktore is die volgende:

(i) 'the fact that skill and effort was expended to acquire the information[188];

(ii) the fact that the information was jealously guarded by its proprietor[189];

---

185 Prime, 4.

186 *Johnson v Heat and Air Systems Ltd* (1941) 58 R.P.C. 229.

187 (1991) 20 I.P.R. 481.

188 *Interfilm Comparisons (Australia) Pty Ltd v Law Society of New South Wales* (1977) R.P.C. 137.

189 *Ansell Rubber Co. Pty Ltd v Allied Rubber Industries Pty Ltd* (1972) R.P.C. 811 en *Worsley and Co. Ltd v Cooper* (1939) 1 All E.R. 290.

(iii) the fact that it has been made known to its recipients (employees in that case) that it was confidential[190];

(iv) the fact that the usage and practice of the industry in question supported the assertion of confidentiality[191];

(v) the fact that, in that case, the employee concerned had been allowed access to the information because of his seniority and level of responsibility'[192].

## 3.4 BESPREKING

In die Engelse strafreg is daar op grond van die definisie van diefstal twee struikelblokke vir die vervolging van 'n persoon vir die diefstal van inligting. Die eerste is dat inligting nie eiendom is nie en dat volgens die definisie in die *Theft Act* slegs eiendom vir diefstal vatbaar is. Tweedens word vereis dat die dief met die opset om sodanige eiendom permanent van die eienaar te ontneem moes gehandel het. Uit die aard van inligting word dit nie die houer ontneem indien dit aan die ontvanger oorgedra word nie. Inligting kan maklik gedupliseer, gekopieër of selfs mondelings oorgedra word, wat tot gevolg het dat die houer die inligting steeds behou, terwyl die ontvanger ook terselfdertyd daardie selfde inligting ontvang.

Dit blyk dat die Engelse owerhede die beskerming van inligting vervat op rekenaars ingevolge die *Computer Misuse Act* van 1990 aangespreek het. Die owerhede het egter nie die posisie verder oorweeg en besef dat dit die inligting as sulks is wat eintlik beskerming verlang nie. Inligting kan gedupliseer word sonder die gebruik van 'n rekenaar en inligting kom sekerlik nie net op rekenaars

---

[190] *Printers and Finishers Ltd v Holloway* (1965) R.P.C. 239; die toets neergelê deur regter Cross in hierdie saak is dat daar gevra moet word of die inligting

> 'could fairly be regarded as a separate part of employee's stock of knowledge which a man of ordinary honesty and intelligence would recognise to be the property of his old employer, and not as his own to do as he likes with' .

[191] *Thomas Marshall (Exports) Ltd v Guinle* (1978) 3 All E.R. 193.

[192] *Faccenda Chicken Ltd v Fowler* (1986) 1 All E.R. 617.

voor nie. Die Engelse reg spreek geensins die afluister van telefoongesprekke of die meeluistering van byvoorbeeld raadsvergaderings van ‘n besigheid in enige wetgewing aan nie. So is die middelle tot beskikking van die industriële spioen sekerlik nie tot rekenaar- ‘hacking’ beperk nie.

As antwoord kan die Engelse reg moontlik aandag gee aan die ontwikkelingsrigting wat in Australië gevolg is. In die Noordelike landstreke is daar twee misdrywe in artikels 222 en 223 van die *Criminal Code* van 1983 geskep. In artikel 222 word ‘n misdryf vir die wederregtelike verkryging van vertroulike inligting geskep deur te bepaal dat:

> ‘any person who unlawfully abstracts any confidential information from any register, document, computer or other repository of information with intent to cause loss to a person or with intent to publish the same to a person who is not lawfully entitled to have or to receive it, or with intent to use it to obtain a benefit or advantage for himself or another, is guilty of a crime...’

Die wederregtelike bekendmaking van handelsgeheime[193] word in artikel 223 van die *Criminal Code* gekriminaliseer. Artikel 223 bepaal in hierdie verband dat:

> ‘any person who unlawfully publishes or discloses a trade secret with intent to cause loss to a person or to obtain a benefit or advantage for himself or another is guilty of a crime...’

Die begrip wederregtelikheid word uitgelê as synde ‘without authorization, justification or excuse’.

---

[193] Selfs ‘n handelsgeheim word in Deel 1 van Skedule 1 van die *Criminal Code* eenvoudig uitgelê as synde:

> ‘a secret and unique or distinctly different formula, process or method, whether it has been perfected or not, provided it has been recorded by same means and has commercial value’.

Nie eers die nie-strafregtelike beginsels van die Engelse reg spreek die geval aan waar die industriële of ekonomiese spioen regmatig kantore betree en dokumente fotografeer wat binne ‘n geslote kabinet is nie. Selfs nie indien die inligting vervat in die dokumente miljoene ponde werd is nie. Solank as wat daar geen vertrouensverhouding tussen die party wat die inligting hou en die party wat die inligting op ‘n slinkse wyse verkry, bestaan nie, sal daar vir die houer van die inligting in Engeland geen strafregtelike of nie-strafregtelike remedies beskikbaar wees nie[194].

[194] Sien ook Eisenschitz, 92, waar sy opmerk:

> ‘But where civil action is futile ...., it seems remiss that the law provides no guidelines within the ambit of the criminal law whereby such conduct should be stigmatised as wrong, nor any means of effective deterence’.